NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

## MEI 2023

## PINKSTER!

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Handelinge 1:8

Dis sowaar weer Pinkstertyd! Daardie week na hemelvaart wat ons elke jaar vier, waarin ons mense die heel week elke aand opruk kerk toe. Natuurlik lyk dit nie meer heeltemal soos toe ons kinders was nie – dis bietjie korter, en die aksent het bietjie weggeskuif van lang openbare gebede af. Maar wat is Pinkster en waaroor gaan dit dan nou regtig?

Die vers wat ons hierbo aanhaal is Jesus se laaste woorde aan sy dissipels voor sy hemelvaart - die sg "sendingopdrag". Daarin spel Hy self vir ons die verskil uit wat die uitstorting van die Gees kom maak het. Pinkster beteken bo alles dat ons "krag ontvang" het. Dit beteken dat ons lewe as Christene nie meer 'n verlore stryd is, waarin ons net nooit regkry om tot eer van die Here te lewe nie. En waarin ons lewe geen getuienis van 'n soort is nie.

Met Pinkster kom woon God self binne-in sy kinders, en kom maak 'n nuwe soort lewe vir ons moontlik: 'n dinamiese lewe tot eer van die Here! Pinkster beteken dat ons krag ontvang, sodat ons *anders* kan lewe, as lewende getuies van Jesus!

Dis so tragies, dat so baie kerk-mense steeds lewe asof daar geen Pase en geen Pinkster was nie. Pinkster herinner ons daaraan dat die Gees WEL uitgestort is. Hy het 'n nuwe lewe vir jou moontlik kom maak, as jy Hom net kans gee dat sy krag ook deur jou kan werk!